**STELLENBERG BYBELSKOOL**

# Momente wat Paulus se lewe gevorm het

## Sessie 6. Die laaste fase in Paulus se lewe




Ons eindig die kort reeks oor momente in Paulus se lewe met die laaste fase van sy lewe wat in die kaart hierbo uitgebeeld word en dikwels sy vierde sendingreis genoem word. Dit dek rofweg die periode van 58-64 nC. In die afgelope paar weke het ons dus by drie verskillende fases in Paulus se lewe stilgestaan:

1. 33-49 nC. Die periode van sy bekering, roeping en die wyse waarop hy daarvan sin probeer maak het.
2. 49-58 nC. Die periode waarin hy gereis en verskeie gemeentes besoek het. Hy het ook hiertydens sy briewe geskryf.
3. 58-64 nC. Hierdie laaste fase van Paulus se lewe wat as sy vierde sendingreis bekendstaan was Paulus ‘n gevangene (sien die kaart). Anders as die vorige fase van sy lewe getuig hy hier voor hooggeplaaste mense. Dit by hierdie fase waarby ons ‘n oomblik vandag gaan stilstaan. Hierdie fase

word nie self deur Paulus in sy eie briewe beskryf nie, maar wel deur Lukas in Handelinge. Om ‘n goeie oorsig oor vandag se sessie te kry is dit ‘n goeie idee om Handelinge 21-28 asook Romeine deur te lees.

Ons begin ons sessie met Romeine 15:22-33. Paulus skryf vir gelowiges in Rome wat hy nog beplan om Spanje te besoek en op pad daarheen hulle te besoek. Hy moet egter eers die kollekte wat hy vir die moedergemeente in Jerusalem ingeneem het aan hulle besorg. Paulus sou wel in Rome uitkom, maar die omstandighede wat daartoe sou oploop het hy nie voorsien nie.

Ons beweeg dan na Handelinge 21 oor waarin Paulus se reis na Jerusalem beskryf word. Toe hy in die stad arriveer het hy as teken van sy goedgesindheid die voorgeskrewe reinigings handelinge ondergaan om die tempel besoek en ‘n aantal van sy reisgenote saamgeneem. Dinge wat met sy aankoms in die stad gespanne. ‘n Faksie mense onder leiding van ‘n Egiptenaar het teen die Romeine in opstand gekom. Die insident word ook deur die historikus Josefus (Joodse oorloë boek 2:261-263) beskryf en hy maak melding van ‘n skare van 30 000 wat in opstand gekom het. ‘n Aantal Joodse gelowiges (moontlik deel van die groep wat Paulus oral op sy reise teengestaan het omdat hulle vasgehou het aan die nakom van die Joodse Wet) wat Paulus in die tempel sien kom in opstand en iewers dink die owerhede dat Paulus die Egiptenaar is. Hy word onder soortgelyke omstandighede as Jesus en Stefanus gevange geneem. Hy is ‘n bedreiging vir die tempel. Omdat Jerusalem ‘n broeipot van emosies was, word Paulus as gevangene na die Romeinse nedersetting in Seserea geneem. Dit is in hierdie periode waarin Paulus die geleentheid kry om voor hooggeplaaste mense soos die goewerneur Feliks en koning Agrippa te getuig (Hand. 23-26). In sy verdediging beroep Paulus hom op die keiser met die gevolg dat hulle hom Rome toe moet stuur.

Agrippa se woorde in Hand. 26:32 is baie betekenisvol. “Hierdie man kon vrygelaat gewees het as hy hom nie op die keiser beroep het nie”. Paulus se arrestasie was die gevolg van verwarring en die Romeine wou hom vrylaat. Paulus het egter waarskynlik besef dat indien hy vrygelaat word die plaaslike Joodse bevolking hom om die lewe sou bring. Deur hom op die keiser te beroep moes die Romeine hom veilig in Rome besorg. Hy het waarskynlik ook die gaping gesien om uiteindelik

Rome te besoek en gedink dat hy daarvandaan na Spanje kon reis. Ons weet nie wat uiteindelik van Paulus geword het nie. Handelinge vertel dat hy na sy aankoms in Rome in vrede in die stad gewerk het. Daar is sommige wat van mening is dat hy wel van Rome na Spanje gereis het. 'n Tweede eeuse geskrif, *Die Handelinge van Paulus,* vertel dat Paulus ten tyde van vervolgings in Rome rondom 64 nC onthoof is. Volgens tradisie is hy op die plek waar die basilika van Paulus in Rome staan begrawe (sien foto).



Akademici is van mening dat 1 & 2 Timoteus asook die pastorale briewe deur Paulus se navolgers geskryf is. Lees 2 Tim. 2-3 deeglik en probeer jouself in die teks inleef (kyk gerus die gedeelte in die internet by die volgende adres: https://youtu.be/JJVQ1JUSdOQ. Die gedeelte is 'n pragtige opsomming van Paulus se teologie wat prakties in sy lewe gestalte gevind het.

Waar bring hierdie gedeelte ons vandag uit? Daar is veral twee dinge wat 'n groot indruk op my gelaat het:

- Paulus het nie net geleef in die hoop van 'n "eendag" as Jesus weer gaan terugkeer nie. Sy geloof was baie prakties gerig om die realiteit dat ons reeds in Jesus Christus se dood en opstanding die nuwe lewe deelagtig geword het. Dit was nie vir Paulus 'n teologiese gedagte nie, maar 'n praktiese realiteit waarin hy daagliks geleef het.

- Paulus benadruk dat alle mense voor God se genade gelyk is. Hierdie kwessie was vir hom van groot belang en hy het in opstand gekom teen enige vorm van diskriminasie.
- Paulus het geroem in sy swakheid. Dit het teenoor die Romeinse ryk en ander godsdienstige groepe se selfvoldane houding gestaan. Hy was bereid om in die gevolge daarvan te leef, want daarin was God se krag sy beskutting.

Hierdie drie sake laat ons vandag diep aan die dink sit oor hoe ons tans in hierdie wêreld met sy uitdagings leef wat ‘n groot appel maak op ons emosie. Paulus leer ons wat dit beteken om hierdie tye met geloof tegemoet te gaan.